vertrouw die manne wat door die meerderheid gekoze is en laat hulle ongehinderd zoolang hulle eerlik handel. Ondertussen hou hy 'n oog in die zeil en bemoei hom verder met zyn eigen werk. Wordt dit nodig, en hy moet praat dan is dit of hy „spreek" want zyn gedachte is bepaald by die ware welvaart en vooruitgang van zyn land en volk, en hy praat nie zoomaar zonder te denk voor die wind weg nie, net met woorde alleen, in oorlogstyd zoowel als in vredestyd. Maar veral in tyd van gevaar en nood wys zyn dade wie hy is. Als daar oorlog kom is dit ei'entlik nie nodig om hem te commandeer, want hy is klaar om zyn plicht te doen, maar als 'n ware burger wacht hy op die orders van die regering. Kom die oproeping dan vind dit hem nie verward en verbysterd. Hy is stil en vastberaden, en gaat met gewilligheid die gevare en ontberinge van die stryd tegemoet en in zyn omgewing tracht hy om moed en volharding en vertrouwen in die lyders en in die Albestierder in te boezem. En moet hy zyn leven voor zyn land en volk geef, dan breng hy dit als een vrywillige offer, daartoe aangespoord deur die innige vaderlandsliefde wat hy bezit. Altoos is hy gehoorzaam, onderdanig en bereid om orders uit te voer. Waar die land en volksbelange dit vorder is eige belang ver hem byzaak. Zoo'n man verdien dan ook dat hy hoog geacht word deur zyn mede burgers, en zeker blyf zyn naam ook voor die nageslagte bewaard, om ook ver hulle tot voorbeeld voorgehoude te worde en deur hulle ge-eerd te worde en sterf hy ook al, zyn naam sterf nooit. Dat dit die strewe van al die lede van onze vereeniging mag wees om tot die ware patriot soort te behoor en daar getrouw te blywe is die nederige hoop en wensch van die opsteller en verder zou hy ook graag zien dat waar die middele dit toelaat daar ondersteuning zal gegewe worde aan die papier patriotte (wat tussen haakies 'n erg behoeftige soort skyn te wees, als 'n mens zien hoe hulle altyd aanmaan tog die agterstallige rekenings te betaal) maar dan ook maar net zoo lang als hulle patriotte bly en nie een dag langer.

FINIS.

## Silkaats, die Stigter van die Matebelestam

deur

J. J. SMIT

OM hierdie uiters moeilik tipeerbare Bantoe-opperhoof te noem, word voorkeur verleen aan die maklike vorm, Silkaats. Sommige skrywers maak gebruik van die spelvorm Mziligazi, wat „Bloedspoor" beteken, ander weer gee voorkeur aan Mzilikazi of „Grootspoor".

Silkaats dan, was die seun van Matshobane, 'n hoofman van 'n onbeduidende stammetjie, die Kumalo, wat onder die hegemonie van Tsjaka gestaan het. Dit word algemeen aanvaar dat hy die eerste lewenslig in 1790 aanskou het.

Die gebied waar die Kumalo woonagtig was, is ongeveer drie dagreise noord van Ungungundlovu.

As dapper krygsman het hy al gou die kennersoog van Tsjaka op hom getrek, en het hy spoedig geklim tot een van sy dapperste generaals en intiemste vertrouelinge. Menige moeilike opdrag het hy met die meeste spoed en grootste sukses uitgevoer. Dit word selfs aanvaar dat sy opgelegde strooptogte hom tot noord van die Limpoporivier gevoer het. Teen die einde van 1822 het hy weer eens 'n buitengewoon geslaagde strooptog op 'n Sothostam êrens in die Transvaal uitgevoer. Menende dat die Groot Koning dit nooit te wete sou kom nie, het hy van die beste beeste vir hom agter gehou. Dit was voorwaar 'n uiters gewaagde misdaad. Normaalweg sou Tsjaka onmiddellik sy impi's gestuur het en hom saam met sy manskappe uitgewis het. Maar, eienaardig genoeg, hy stuur boodskappers om met Silkaats oor die aangeleentheid te onderhandel. Silkaats begaan 'n volgende misdaad deur, nadat hy die onderskeidende kraanvoëlvere van hulle koppe laat afsny het, hulle smadelik terug te stuur. Aan 'n volgende sending doen hy presies dieselfde, en nog het Tsjaka nie teen sy gunsteling opgetree nie. Intussen het Silkaats van standplaas verander.

Die publieke opinie het egter steeds meer opgelaai teen Silkaats se ignorering van die koninklike gesag, en daar was nou allerweë sterk druk op Tsjaka uitgeoefen. Ten einde raad het Tsjaka sy toestemming tot 'n strafekspedisie gegee.

'n Sekere Kumalo, Nzeni, wat 'n ou grief teen Silkaats gekoester het, het sy nuwe vesting in die Ngomewoud, Entubeni, in die huidige distrik van Vryheid, verraai. 'n Bloedige nagtelike geveg het ontbrand nadat hulle hom onverhoeds oorval het. Met 300 man vergesel van vroue en kinders slaag hy daarin om te ontsnap. Later het nog meer stamlede by hom aangesluit.

Desnieteenstaande het Tsjaka nog geen wraakgedagtes teen Silkaats gekoester nie. Ja, hy het selfs beveel dat die agterblywende Kumalo's ongestoord gelaat moet word in hulle gebied, en die wat hulle jong leier wil volg, moet nie verhinder word nie.

Aan die begin van 1824 staan Silkaats op Transvaalse bodem in die omgewing van die huidige Piet Retief, en stig hy 'n nuwe stam, die Matebele of Abaka-Zulu. Silkaats, as onafhanklike Matebele-opperhoof, was gereed om sy eerste spore te trap in die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Gedagtig dat die Natalse Bantoe met sy tradisionele kleredrag, gewoond aan die gematigde Natalse klimaatsomstandighede nie die strawwer klimaat van die Hoëveld sou kon trotseer nie, is dit baie begryplik dat hy sy roete langs die westekant van die Drakensberge beplan het, waar bergrand, kloof en bos die gewenste skuiling kon bied.

Met sirkelbewegings het hy sy impi's op strooptogte geneem. Ouer mans, vrouens en vegters was summier vermoor terwyl die kinders met die tradisionele gat in die oor gemerk was en ingeskakel was in die nuwe stamverband. Die gebuite vee het elke keer sy vinnig groeiende beestroppe met duisendes aangevul. Weliswaar, sy spoor was 'n bloedspoor.

Die jaar 1825 bevind hy hom in die Steelpoortvallei. Nadat hy die Bapedistam tot kannibalisme gedryf het en daar niks meer was om sy stropings-

drang te bevredig nie, trek hy in die rigting van die Magaliesberge wat hy in 1826 bereik. Aanvanklik was sy standplaas waar die uniegebou vandag geleë is. Later het hy van woonplek verander en hom te Silkaatsnek, dig by die huidige Hartbeespoortdam, gaan vestig.

Dit was vanuit hierdie nuwe vesting wat hy sy verdere en omvangryke rooftogte georganiseer het. Beginnende so ver wes as die huidige Potchefstroom, selfs suid van die Vaalrivier, en so ver oos as die huidige Standerton het hy die hele gebied bekend as Roodekoppen en Suikerboschrand skoon geveeg. Murasies en verbleikte mensbene het die verhaal aan die Voortrekkers vertel.

Dit was hier by Silkaatsnek waar Robert Moffat hom vir die eerste keer besoek het. Vir die eerste keer het Silkaats 'n witman van aangesig tot aangesig gesien. Hierdie gedenkwaardige ontmoeting het in die jaar 1829 plaasgevind.

In Maart 1831 het hy 'n aanval teen Mosjes te Thaba Bosigo geloots, maar soos wel bekend, was dit sonder sukses. Ten tyde van hierdie onderneming het die eerste rusverstoorder in die persoon van Bêrend-Bêrends, die Griekwa-hoofman, sy verskyning gemaak. Dit was 'n weerwraaksaanval wat aanvanklik baie suksesvol verloop het, maar vir die Griekwas uiters noodlottig geëindig het.

Kort hierna het Dingaan, die opvolger van Tsjaka, weer op sy beurt kom wraak neem. Alhoewel dit 'n onbeslissende slag was, het dit vir Silkaats duidelik geword dat hy die omstreke van die Magaliesberge noodgedwonge vaarwel moes sê.


In 1832 trek hy dus na Mosega. Makhalla en sy mense was hals oor kop die woestyn ingedryf, en saam met hom het baie ander woestynbewoners geword, waar hulle hoofsaaklik van sprinkane geleef het. Selfs die stamme in die omgewing van Kuruman het in groot spanning verkeer.

Dit is hier waar Robert Moffat, vergesel van dr. Andrew Smith, hom in 1835 vir die tweede keer besoek het. Hierdie besoek kenskets 'n nuwe fase in die lewe van Silkaats sowel as sy invloed op die Suid-Afrikaanse geskiedenis. In die eerste plek gee dit aanleiding tot die sending van Umnombate, sy hoof-indoena, na sir Benjamin D'Urban, wat in 1836 'n verdrag met die Matebele sluit.

Ingrypender nog was die Matebelepatrollies wat voortaan die noord-oostelike oewer van die Vaalrivier sou bewaak. Die waarskuwings aan Langhans van Rensburg om op sy hoede te wees, was nie sonder grond nie. Hy en Louis Trichardt kon hulle slegs gelukkig ag dat hulle onopgemerk kon deurtrek. Dit is bekend dat hulle ver na regs uitgeswenk het sodat hulle 'n draai om die Matebeles getrek het.

Minder gelukkig was die jagtersgroepe onder Liebenberg, Erasmus, Botha en Steyn aan die noordelike oewer van die Vaalrivier in die omgewing van die huidige Parys. Hierdie treurspel moes aan die einde van Augustus 1836 afgespeel het, want kort na die gebeure het die Potgieter-Celliers-kommissie op hulle terugreis vanaf Soutpansberg op die moordtoneel afgekom.

Die 2de September het Potgieter by sy wydverspreide volgelinge in die noordelike Vrystaat aangekom en onmiddellik voorsorgsmaatreëls begin tref. Wat hy verwag het, het dan ook gebeur. Hierdie keer maak Kalipi sy verskyning




*Kaart waarop omswerwinge van Silkaats aangedui word.*

met 6,000 man. Met die hulp van sowat veertig dapperes slaag Potgieter daarin om verskeie aanvalle met sukses af te weer. Die slag van Vegkop (16 Oktober 1836) is beslis denkwaardig wanneer die getal gesneuweldes in aanmerking geneem word: twee Boere teenoor nagenoeg 400 Matebeles.

Aangesien die Matebeles al hulle skape, bokke, beeste en perde meegevoer het, het hulle met die hulp van Morokko op voorspraak van Arcbell na Thaba Nchu teruggetrek.

Sulke gruweldade kon in die oë van die Voortrekkers nie ongestraf gelaat word nie. Daarom is daar vroeg in 1837 'n strafekspedisie onder leiding van A. H. Potgieter en Gerrit Maritz onderneem. Op die 17de Januarie is 'n vyftiental krale in die buurt van Mosega aangeval en genoeg vee is gebuit om die Voortrekkerverliese te vergoed.

Kort na die eerste strafekspedisie het Dingaan 'n tweede aanval op Silkaats gemaak. Alhoewel ook hierdie slag onbeslissend was, het dit nogtans weer eens gedien om Silkaats van woonplek te laat verander. Hierdie keer trek hy na die bos- en kloofryke omgewing van die Marikwarivier, bekend as Kapain.

Met so 'n dwingeland naby hulle kon die Voortrekkergemeenskap nooit volkome veilig voel nie. Daarom het Potgieter, terwyl hy nog getwyfel het oor sy eindbestemming, 'n tweede strafekspedisie teen Silkaats beplan. In hierdie onderneming sou nie alleen Maritz hom bystaan nie, maar ook die onverskrokke Pieter Lafras Uys. Hierdie waaghalsige onderneming het sy finale beslag gekry in die laers te Lagerspoort en Blinkpoort in die Suikerboschrante. Omdat Maritz aan koors gely het, is sy plek deur sy swaer Rudolph ingeneem. Ook die latere held van Bloedrivier A. W. J. Pretorius het hier sy deel gedoen deur die voorraadwaens te bewaak. Hy was op 'n verkenningsekspedisie in die noorde.

Die negedaagse slag van Kapain het waarskynlik tussen die 14de en 23ste November 1837 plaasgevind. Die onbegane terrein het dit 'n uiters gevaarlike en uitputtende onderneming gemaak. Desnieteenstaande het die Boere die Matebele oor die Limpopo verdryf. Hier aan die Matoppa-heuwels noem Silkaats sy nuwe kraal Bulawayo, die naam van Tsjaka se eerste kraal voordat hy in 1824 na Dakuza (Stanger) verhuis het.

Potgieter het die hele gebied waaroor die potentaat beheer uitgeoefen het, as Voortrekkergebied geproklameer. Natuurlik het hy geen bakens geproklameer en dit nie skriftelik gedoen nie. Nogtans het dit aanleiding tot M. W. Pretorius se oormoedige proklamasie in 1868 gegee, nadat diamante en goud ontdek is.

In 1847 het Potgieter weer eens 'n kommando teen Silkaats in sy nuwe vesting aangevoer. Die verdere verhouding tussen die Boere en die Matebelestam was weliswaar goed.

In 1855 en weer in 1860 het Moffat vir Silkaats in Bulawayo besoek en het hy selfs van sy onderdane tot Moffat se beskikking gestel om voorrade na sy skoonseun, David Livingstone, te St. Paul de Loanda te neem.

In 1863 het die sendeling John Mackenzie 'n besoek aan Silkaats gebring. Hy was nou so swak dat hy rondgedra moes word. Nogtans was hy deur die stam en sy seun, Lobengoela, as hulle „Groot Olifant" beskou. Dit word algemeen aangeneem dat hy, nog steeds as opperhoof, in 1868 'n normale dood gesterf het; voorwaar 'n prestasie in die lewe van 'n Bantoe-opperhoof. In die oë van sy volgelinge was hy 'n „Groot Spoor".[1]

(1) 'n Verwerking uit my M.A.-verhandeling: *Die Geskiedenis van Heidelberg, Transvaal, 1836 — 1877* (Universiteit van Suid-Afrika, 1958).